IDENTITEIT

Johan Delport

ISBN 978-0-620-86172-4 (Print)
ISBN 978-0-620-86173-1 (e-Book)

Eerste publikasie: November 2019 deur Tygerberg Gesinskerk
info@gesinskerk.co.za / www.gesinskerk.co.za

Gedruk en gebind deur Tandym Print
1 Park Road, Western Province Park, Epping Industrial, 7475

Inhoudsopgawe

Spesiale dankbetuiging	3
Voorwoord	5
Inleiding	7
WEEK 1 - Ek is `n nuwe wese in Christus	13
WEEK 2 - Ek is nou `n kind van God	21
Hoe word ek ‘n kind van God?	29
WEEK 3 - Ek is nou geheel en al vergewe	33
WEEK 4 - Ek is nou deel van die huisgesin van God	41
WEEK 5 - Ek is deel van die liggaam van Christus	49
WEEK 6 - Ek is nou meer as `n oorwinnaar	57
WEEK 7 - Ek is nou `n soldaat in God se weermag	65
WEEK 8 - Ek is nou eiendom van God	73
WEEK 9 - Ek is `n Burger van `n ander wêreld	79
Slotwoord	87
Ander Bybelstudies	89

Spesiale dankbetuiging

Paulus sê in **Galasiërs 6:2** dat ons mekaar se laste moet dra. Soms is hierdie laste tekortkominge.

Wanneer 'n mens so 'n Bybelstudieboekie aanpak, word jy vinnig gekonfronteer met jou eie tekortkominge. Dit is dan wanneer jy die waarde besef van 'n span wat die Here vir jou gestuur het om jou te help.

Die span wat werk aan hierdie boekie, is nie net goed in wat hulle doen nie, maar is elkeen ook self baie lief vir die Here. Elkeen van hulle leef aktief hul getuienis uit dat Jesus Christus hul Verlosser is.

Dit is juis hierom dat ek so goed saam met hulle werk en met soveel gerustheid en vertroue elke keer teruggaan om hulle wéér vir hulp te vra.

Die span is as volg:

Ds. Chris Heunis - Teologiese versorging
Ronel Griessel - Taalkundige versorging
Riaan le Roux - Ontwerp en vervaardiging

Baie dankie. Julle is 'n "great" span!

Die Here seën julle vir julle harde werk.

Ds. Johan Delport

Voorwoord

"Julle gees en gedagtes moet nuut word; lewe as nuwe mense wat as die beeld van God geskep is: lewe volkome volgens die wil van God en wees heilig." **(Ef 4:23-24)**

Ek het hierdie Bybelstudieboekie baie geniet. Dit het my weer teruggeneem na ou Bybelse waarhede wat so maklik vergeet word – waarhede wat ons anker in ons unieke identiteit in Christus Jesus.

In die moderne inligting- en kommunikasie-gedrewe wêreld word ons as mensdom nie juis kans gegun om 'n eie identiteit te ontdek en ontwikkel nie. Sosiale media, gebou op inligtingstegnologie, gaan onder andere volstoom voort om aan ons voor te hou wie ons nou eintlik behoort te wees. Dit het 'n impak op ons drome, vrese, aspirasies... en ondermyn dikwels die ontwikkeling van ons eie identiteit.

Ds. Johan herinner ons, via hierdie Bybelstudie, aan ons unieke geestelike identiteit in Christus Jesus. Dit bied aan ons 'n platform vir bespreking waarop ons onsself in die Skrif kan anker aan die kosbare ontdekking van 'n rotsvaste identiteit in God self.

Die studies sal beslis gesprek aanwakker wanneer die Bybelstudiegroepe heerlik gaan gesels oor die kinders van God se identiteit. Ek is seker ontdekkings gaan ook gemaak word oor dit wat uniek by kinders van God gesien en uitgeleef word.

Ds. Chris Heunis

"Julle gees en gedagtes moet nuut word; lewe as nuwe mense wat as die beeld van God geskep is: lewe volkome volgens die wil van God en wees heilig." **(Ef 4:23-24)**

Identity: *Who a person is, or the qualities of a person or group that make them different from others. – Cambridge Dictionary*

Wie is jy regtig?

Wat bepaal 'n persoon se identiteit? Van kleins af is daar baie faktore wat bepaal hoe die mens homself sien. Daar is baie faktore wat inspeel op 'n mens se identiteit. Die huis waarin 'n persoon grootgeword het, sy sosiale klas en opvoeding is maar net 'n paar faktore wat 'n groot rol speel in iemand se lewe.

Ons identiteit is ook baie meer subjektief as wat ons dink. Iemand wat grootgeword het in 'n laer-middelklas woongebied in Amerika sal homself dalk beleef as 'n arm mens, maar iemand wat dieselfde salaris verdien in Suid-Afrika, sal as welvarend beskou word.

Die posisie in die gesin speel ook 'n groot rol. 'n Oudste kind word gewoonlik versigtiger grootgemaak en met baie meer verantwoordelikheid as byvoorbeeld die tweede kind. 'n Jongste kind kan weer baie voorregte geniet wat die oudste kind nie gehad het nie omdat ouers se inkomste oor tyd gegroei het. 'n Middelkind kan dalk beleef dat die oudste kind baasspeel oor

die res en die jonger kind weer deur die ouers voorgetrek word.

Almal van ons het ‘n baie definitiewe identiteit oor die jare ontwikkel. Ons taal, kultuur en provinsie speel ook in op hierdie identiteit. In die Kaap braai ons graag, maar dit is niks vreemd om ‘n binnebraai by mense se huise te sien nie. In Pretoria braai die meeste mense sommer in ‘n halwe drom, en pap en sous is nie iets wat net vir ontbyt bedoel is nie.

Ons identiteit bepaal die manier hoe ons na onsself kyk, hoe ons na ander mense kyk en hoe ons na die wêreld kyk.

Identiteit en selfbeeld

Elke mens het ‘n selfbeeld. Dit is die manier hoe hy na homself kyk. Dit hou verband met ‘n diepe selfbewustheid, selfsiening en aktualisering. Dit is in hierdie selfbeeld waar voorkeure en afkeure gevorm word. Dit is in hierdie selfbeeld en identiteit waar moraliteit ontwikkel en ‘n siening van wat reg, verkeerd, toelaatbaar of ontoelaatbaar is, ontwikkel word.

Die Christen se identiteit

In hierdie Bybelstudiereeks gaan ons kyk na die Christen se identiteit. Wat ons hier vir mekaar moet sê, is dat ons ou identiteit vir ons nog baie probleme gaan veroorsaak. My ou identiteit hou direk verband met my vlees en wat die vlees se voorkeure is. My nuwe identiteit hou verband met dit wat die Heilige Gees se voorkeure is. Dit is presies wat Paulus beskryf in **Galasiërs 5:17**: *“Wat ons sondige natuur begeer, is in stryd met wat die Gees wil, en wat die Gees wil, is in stryd met wat ons sondige natuur begeer. Hierdie twee staan lynreg teenoor mekaar, en daarom kan julle nie doen wat julle graag wil nie.”*

Wanneer ons weergebore word **(Joh 3:3)**, is ons klaar met ons ou identiteit. Paulus sê in **Romeine 6:4** dat die ou mens saam

met Christus begrawe is en 'n nuwe mens opgestaan het. Die implikasie daarvan is dat almal wat in Jesus Christus is, nuwe mense is **(2 Kor 5:17)**.

Dit wat eers vir my waardevol was, het nou waardeloos geword **(Fil 3:7)**. Al wat nou van waarde is vir my, is dit wat waardevol is vir die Here. Deur die Heilige Gees het die Here vir my 'n goddelike waardesisteem kom gee.

Verandering is nodig

As kinders van die Here is dit van kardinale belang dat ons nie na die wêreld kan kyk vir geestelike antwoorde nie. Ons moet seker maak ons gaan na die regte bron toe. Wie het die laaste sê oor ons lewe? Die Here Jesus! Waar lees ons die Here Jesus se woorde? In die Bybel. Die Bybel is ons bron en ons gaan vir die volgende paar weke in die Woord grawe om te sien wat die Woord sê wat ons identiteit is.

In hierdie studie gaan ons ongelukkig nie na alles kyk wat daar te sê is oor die Christen se identiteit nie. Ons gaan liewer net in breë trekke kyk na die hoofgedagtes in die Skrif rondom die Christen se identiteit.

Elkeen van ons moet egter die uitdaging aanvaar om 'n diepe self-evaluasie te doen. Verandering is nodig. Elkeen van ons moet die vraag vra: *"Is my identiteit, hoe ek myself sien, in lyn met die Skrif?"* 'n Gelowige mag net een opinie hê en dit is die opinie wat die Bybel vir ons gee.

Elke studie gaan 'n unieke uitdaging rig aan die gelowige om sy self-identiteit en wêreldbeskouing aan te pas. Hierdie aanpassing mag dalk moeilik wees, maar wanneer dit gedoen word, bring dit baie verligting. 'n Gelowige wat sy nuwe identiteit in Christus aanvaar, ruil 'n selfbeeld in vir iets heeltemal nuut – 'n Godbeeld.

Hoe om die beste van die studie te maak

Soos met baie ander dinge in die lewe wat die moeite werd is: Hoe meer ek insit, hoe meer kry ek uit! Wanneer dit kom by groot geloofsake soos die kruisiging van ons Here Jesus, moet ons ekstra moeite en tyd insit.

Hier is 'n paar basiese wenke om die beste te maak van hierdie studie:

Wenk #1: Neem 'n kwaliteit besluit om elke dag tyd te maak om stil te word voor die Here in gebed en Bybelstudie.

Wenk #2: Kom voorbereid na die Bybelstudie toe. Maak tyd om die week se Bybelstudie deeglik te doen voor die byeenkoms.

Wenk #3: Lees verder. Kyk weer na die betrokke verse en lees die vyf verse voor en na elke vers.

Wenk #4: Begin 'n gebedsjoernaal. Aan die einde van elke studie is daar plek om gebedsversoeke neer te skryf. Kyk weekliks daarna en prys die Here vir elke beantwoorde gebed.

Hierdie boekie kan gebruik word as 'n persoonlike Bybelstudie in die gelowige se stiltetyd, maar die waarde wat ander gelowiges vir my bied in groepsverband, is van onskatbare waarde! Die ideaal is daarom om hierdie boekie in jou stiltetyd deur te werk, maar ook in 'n Bybelstudiegroep.

Vir ouers!

Hierdie boekie kan ook baie nuttig wees vir 'n gesinsbybelstudie. Maak dit deel van jul gesin se stiltetyd. Moedig bespreking aan. Hou net in gedagte dat jonger kinders dalk verduideliking gaan vra vir meer komplekse gedagtes. Wees geduldig terwyl jy die

ewige waarhede aan hulle kommunikeer. Die Skrif sê mos:

"Gee leiding aan 'n jongmens oor hoe hy moet leef, en hy sal ook as hy al oud is nie daarvan afwyk nie." **(Spr 22:6)**

Notas

Notas

"Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom." **(2 Kor 5:17)**

"When we are born again, a new life – the life of God – is put into us by the Holy Spirit." – F.B. Meyer

WEEK 1

Inleiding

Welkom by die eerste week van Identiteit. Vir die volgende 9 weke gaan ons stilstaan by die onderwerp van die Christen se identiteit. Baie van die onderliggende probleme waarmee Christene sukkel, hou direk verband met hulle identiteit.

In hierdie reeks gaan ons kyk na die nuwe identiteit van Christene. Elke week gaan ons 'n ander faset van die Christen se identiteit bespreek. Indien 'n gelowige sy identiteit verstaan, help dit hom om 'n beter begrip te hê van hoe om te lewe, maar ook hoe om na hierdie wêreld te kyk. 'n Christen wat sy identiteit in Christus ontdek en uitleef, sal altyd sterker staan in moeilike tye.

Ek is nou 'n nuwe mens in Christus

Tema teks: 2 Korintiërs 5:16-21
Leier: Moedig deelname aan deur almal in die groep 'n kans te gee om leeswerk te doen.

Iemand wat Jesus aangeneem het as Verlosser, is nou 'n nuwe mens. Die Here het so 'n persoon nuut gemaak deur die kragtige werking van die Heilige Gees. Die groot uitdaging vir die nuwe gelowige is om die ou identiteit af te lê en af te leer en die nuwe identiteit in Christus te aanvaar en aan te leer.

Die Christen se identiteitsboek
*Lees **Kolossense 2:8** en **Matteus 4:4***

Die Christen se identiteitsboek is die Woord van God! Die Bybel is die Woord van God. In die Bybel leer ek wie God is. Dit is die Bybel wat my leer dat Jesus Christus vir my aan die kruis gesterf het. Dit is die Bybel wat my leer dat ek verlore is in my sonde en dit is die Bybel wat my leer om die Here Jesus aan te neem en 'n kind van God te word.

Baie Christene sukkel om hulle identiteit in God te verstaan omdat hulle nie tyd spandeer in die Woord nie. Wanneer 'n gelowige gereeld tyd maak vir die Woord, ontdek hy wie hy regtig is in Christus.

GESPREKSVRAAG:
Lees **Psalm 119:130**, **148** en **160**. Hoe het hierdie verse betrekking op ons nuwe identiteit in Christus? _____
_____
_____
_____
_____

Ware weergeboorte
*Lees **Johannes 3:1-5***

In die Woord leer ons dat elke mens wedergeboorte nodig het. Ons ontvang ons nuwe identiteit in Christus wanneer ons weergebore word. Die vraag wat ons moet vra is: Wat is wedergeboorte en hoe beleef 'n mens dit?

Wedergeboorte is nodig sodra die mens besef dat hy verlore is in sy sonde en dat die sondige natuur sy ware identiteit is. In **Romeine 3:23** en **6:23** lees ons dat alle mense van geboorte af sondaars is en verlore is. Die mens het dus redding nodig, 'n Verlosser!

Die mens kan homself nie red nie. Wanneer die mens bewus word van sy sondigheid en sy verlore toestand – dit is eers dán wanneer so 'n mens gereed is om weergeboorte te beleef. Wedergeboorte vind plaas wanneer 'n persoon die Here Jesus aanneem in geloof en deur gebed. In effek sterf die ou sondige persoon en gee Christus vir daardie persoon 'n nuwe geestelike DNA.

GESPREKSVRAAG:

Lees **2 Korintiërs 5:17-18**. Wat is die implikasie van dit wat Christus in ons lewens kom doen het volgens hierdie verse? Hoe verander dit ons lewens?

_____

_____

_____

_____

Saam met Jesus gekruisig
*Lees **Galasiërs 2:19-20***

Paulus maak dit duidelik dat ek nou gekruisig is saam met Christus. Ek leef nou nie meer nie, maar Christus leef nou deur my. Dit is die groot verskil tussen my lewe vóór en ná my weergeboorte.

Dit is die ou mens wat gekruisig is. Sy begeerte na die ou lewe en die sondigheid is nou gekruisig. Ons lewe nog binne die liggaam en dit gee 'n fenomenale stryd af, maar dit is die Heilige Gees wat in my is wat my elke maal oorwinning gee oor die vlees. Ons is daarom nie meer gehoorsaam aan die vlees nie. Die ou mens was altyd gehoorsaam aan die vlees, maar

daardie ou mens is nou gekruisig.

GESPREKSVRAAG:

Lees **Markus 8:34**. Wat is dit wat Jesus sê? Wat beteken dit en hoe raak dit ons identiteit? _____

_____

_____

_____

Net twee tipes mense in hierdie wêreld

*Lees **1 Korintiërs 1:18***

In hierdie wêreld is daar net twee tipes mense. Gelowiges en ongelowiges, mense wat gered is en die mense wat verlore gaan. Wanneer dit egter kom by identiteit, is dit ongelukkig so dat daar baie gelowiges is wat nog nie heeltemal hulle ware identiteit in Christus aanvaar het nie.

Dit is geweldig problematies wanneer gelowiges met 'n vleeslike of wêreldse identiteit leef. Daar is baie Christene wat nog leef asof hulle aan hierdie wêreld behoort.

Dit is ons identiteit in Christus wat ons anders laat lyk as die wêreld. Dit is wanneer ons anders lyk as hierdie wêreld dat ons werklik 'n getuienis het. Dit is wanneer ons ons identiteit in Christus uitleef wanneer mense 'n kans kry om Jesus in ons lewens te sien.

GESPREKSVRAAG:

Lees **Matteus 5:16** en **2 Korintiërs 2:15**. Wat lees ons in hierdie verse rondom ons identiteit in Christus en hoe dit ons moet laat leef? Waarom moet ons so leef? _____

_____

_____

_____

_____

Opsomming:

In Christus is ons 'n nuwe mens, die oue is verby en die nuwe het gekom. Dit behoort vir elke gelowige belangrik te wees om die Woord te bestudeer om sekerheid te hê oor sy nuwe identiteit in Christus.

Ons identiteit in Christus sal bepaal hoe ons die wêreld sien, hoe ons versoekings hanteer en hoe ons ons lewens leef. 'n Christen wat sy identiteit in Christus verstaan, is geneig om in minder emosionele probleme te beland.

Notas

Gebedsjoernaal		
	Gebedsversoek	*Terugvoer*
1		
2		
3		
4		
5		
6		
7		
8		
9		
10		

WEEK 1

Iets om te onthou

In Christus is ek 'n splinternuwe mens en het ek 'n splinternuwe identiteit.

Vers om te onthou

"Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom." **(2 Kor 5:17)**

Vraag om oor na te dink

Leef ek my nuwe identiteit in Christus aktief uit? Op watter manier moet ek moeite doen om 'n dieper bewustheid van my identiteit in Christus te ontdek?

Hoe maak ek vandag se studie prakties in my eie lewe?

_____

_____

_____

_____

Gebed om te bid

Vader, dankie dat U my in Christus kom nuut maak het en my 'n nuwe identiteit kom gee het. Help my om af te sien van die dinge wat nog vashou aan my ou identiteit en die nuwe identiteit in Christus in my lewe vas te maak.
AMEN

Notas

"Aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, het Hy die reg gegee om kinders van God te word. Hulle is dit nie van nature nie, nie deur die drang van 'n mens of die besluit van 'n man nie, maar God is hulle Vader." **(Joh 1:12-13)**

"When the day of recompense comes, our only regret will be that we have done so little for Him, not that we have done too much." – George Muller

WEEK 2

Inleiding

In die eerste studie het ons vir mekaar gesê dat Christus ons 'n nuwe mens kom maak het. Ons het vir mekaar gesê dat daar in hierdie wêreld net twee tipes mense is naamlik gelowiges en ongelowiges.

As gelowiges word ons identiteit bepaal deur die Here Jesus en wat Hy vir ons kom doen het aan die kruis. Hierdie identiteit is egter iets wat ons moet aanleer. Alhoewel ek reeds gered is, beteken dit nie noodwendig ek vind my identiteit op die regte plek nie.

Daarom is dit so noodsaaklik dat ek in die Woord van die Here moet ingrawe en die Bybel bestudeer, want dit is hier waar ek leer wat my ware identiteit nou is.

In hierdie week se studie kyk ons na die feit dat ek 'n kind van God is.

Ek is nou 'n kind van God

Tema teks: Galasiërs 3:21-29
Leier: Moedig deelname aan deur almal in die groep 'n kans te gee om leeswerk te doen.

Dit het 'n groot implikasie op hoe ek leef wanneer my kindskap vir my 'n werklikheid word. Hierdie is dalk die enkele belangrikste element van my identiteit in Christus.

Wanneer ek tot hierdie gewaarwording kom dat ek waarlik 'n kind van die Allerhoogste God is, dan stel dit my in staat om te verstaan dat hierdie wêreld nie my identiteit mag bepaal nie, omdat hierdie hele wêreld in vyandskap met God staan.

God as Vader
*Lees **Romeine 8:14-16***

Almal wat hulle deur die Gees van God laat lei, is kinders van God. Dit is hierdie Gees wat in my uitroep: "Abba", wat beteken Vader. Dit is deur die werking van die Heilige Gees dat ek God as Vader leer ken.

Ongelukkig is die enigste ander vaders wat ons ken, ons aardse vaders. Een ding is seker: almal van ons het aardse pa's. Dalk was dit 'n goeie man, dalk 'n slegte man. Maar hulle was net soos enige ander mens ook vol foute. Ons mag nooit onder die versoeking kom om te dink dat ons hemelse Vader dalk soos ons aardse pa is nie.

Ons hemelse Vader is heeltemal anders. Lees die volgende verse en skryf die eienskappe neer wat ons van God hier lees:

Numeri 23:19a _____

Numeri 23:19b _____
Numeri 23:19c _____
Psalm 33:6 _____
Psalm 147:5 _____
Maleagi 3:6 _____
Efesiërs 3:20 _____
Kolossense 1:17 _____
Jakobus 1:17 _____

GESPREKSVRAAG:
Lees **Galasiërs 4:6-7**. Wat sê hierdie verse is die implikasie dat God ons Vader is? Wat beteken dit vir ons vandag? _____
_____
_____
_____
_____

Aanneemkind of bloedkind?
*Lees **Efesiërs 1:5***

In verlede week se studie het ons die gedeelte gelees https://pixabay.com/vectors/father-parent-man-male-boy-son-1801512/ in **Johannes 3:1-5**. Jesus praat met Johannes oor weergeboorte. Ons kan onder die versoeking kom om te dink dat die Here ons net aangeneem het as sy kinders, amper soos wat 'n man en 'n vrou kinders aanneem wat wees agtergelaat is.

Alhoewel mense wat dit doen, 'n baie goeie en eerbare ding doen, is dit nie wat God gedoen het nie. Wanneer ons die Here Jesus aanneem, kom wederbaar die Heilige Gees ons **(Joh 3:3-5)** – dus 'n wedergeboorte. Ons het 'n geestelike weergeboorte.

As God ons net aangeneem het, dan sou dit beteken dat ons steeds sondaars was, maar net in 'n nuwe huis. Onthou,

wanneer 'n kind aangeneem word, verander hy van dak, maar sy DNA bly steeds dieselfde. Dit is egter nie die geval met die wedergeboorte nie. Deur die Heilige Gees word ons weer gebore en kry ons 'n nuwe geestelike DNA – ons kry God se DNA!

GESPREKSVRAAG:
Lees **1 Johannes 3:1-3**. Wat leer ons uit hierdie verse aangaande ons identiteit as kinders van God? _____
_____
_____
_____

Geloofsekerheid
*Lees **Hebreërs 10:19-22***

Wanneer 'n gelowige sy identiteit vind in die feit dat hy 'n kind van God is, bring dit geweldig baie sekerheid. In hierdie verse lees ons dat elkeen van ons met vrymoedigheid na die Vader kan gaan. Daar is dus nou geen rede meer waarom 'n kind van die Vader ooit enige onsekerheid hoef te beleef nie.

Baie gelowiges bevind hulle egter in 'n posisie waar hulle wel onsekerheid beleef. Die rede hiervoor? Daar is 'n groot afstand tussen Vader en kind! Baie keer beleef kinders van God geloofsafstand en dit bring onsekerheid en vervreemding mee.

Jesus het baie naby aan die Vader geleef. Elke dag het Jesus tyd uit sy program geneem en Homself afgesonder om tyd met die Vader te spandeer. Dit stel vir ons 'n voorbeeld. Ons behoort daagliks tyd te spandeer in die Vader se teenwoordigheid.

GESPREKSVRAAG:

Lees **Psalm 25:5**, **88:2**, **96:2**, **119:164** en **145:2**. Wat het hierdie Psalms in gemeen? Hoe korreleer dit met Jesus se lewe? Watter les kan ons hieruit leer? _____

_____

_____

_____

_____

Opsomming:

Om God te ken as Vader, is dalk die belangrikste element van ons identiteit in Christus. 'n Gelowige wat sukkel met hierdie deel van sy identiteit, sal op baie ander plekke ook sukkel. Die Vader het ons oneindig baie lief. Dít leer ons deur die Here Jesus se woorde, lewe en kruisdood. Dit is daarom baie belangrik dat ek sekerheid moet beleef in hierdie area van my lewe.

Beleef jy dalk onsekerheid? Twyfel jy dalk of jy waarlik 'n kind van God is? Dit is baie belangrik dat jy duidelikheid oor jou kindskap moet hê. Indien daar twyfel in jou hart is, lees asb. die volgende hoofstuk sorgvuldig deur en bid die meegaande gebed.

Notas

_____

_____

_____

_____

_____

Gebedsjoernaal		
	Gebedsversoek	*Terugvoer*
1		
2		
3		
4		
5		
6		
7		
8		
9		
10		

WEEK 2

Iets om te onthou

Deur die Here Jesus aan te neem as Verlosser, maak die Heilige Gees my 'n kind van God.

Vers om te onthou

"Die Gees wat aan julle gegee is, maak julle nie tot slawe nie en laat julle nie weer in vrees lewe nie; nee, julle het die Gees ontvang wat julle tot kinders van God maak en wat ons tot God laat roep: 'Abba!' Dit beteken Vader." **(Rom 8:15)**

Vraag om oor na te dink

Hoe raak die feit dat ek 'n kind van God is my lewensbeskouing?

Hoe maak ek vandag se studie prakties in my eie lewe?

_____

_____

_____

_____

Gebed om te bid

Vader, dankie dat U my u kind gemaak het. Dankie dat U my nie maar net aangeneem het nie. U het my deur u Gees wedergeboorte geskenk. Deur die Here Jesus is ek waarlik een van u kinders. Help my deur u Gees dat my hele lewe my kindskap sal reflekteer.
AMEN

Notas

"Bekeer julle en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus, en God sal julle sondes vergewe, en julle sal die Heilige Gees as gawe ontvang." **(Hand 2:38)**

"Repentance is more than just sorrow for the past; repentance is a change of mind and heart, a new life of denying self and serving the Savior as king in self's place." – J.I. Packer

Hoe word ek 'n kind van die Here?

Indien jy nog nie die Here Jesus aangeneem het as jou Verlosser nie en graag 'n kind van die Here wil word, wil ek jou ten sterkste aanmoedig om die volgende paar bladsye aandagtig te lees.

Moenie uitstel nie – doen dit sommer nou...

Waarom nie nou in geloof en in gebed tot God nader nie? Kom maak nou 'n oorgawe. Kom neem nou die Here Jesus aan as jou Verlosser. Doen dit deur die volgende gebed eerlik en opreg te bid:

> My Here en my God, ek het my hele lewe lank teen U gesondig en ek weet ek is op pad hel toe. Ek kan niks self doen om my saak met U reg te stel nie. Daarom kom bely ek my sondigheid voor U en kom vra ek om vergifnis. Vergewe my vir my ou sondige lewe.
>
> Ek aanvaar Christus se versoeningswerk aan die kruis. Vir my het Hy geleef en gesterf aan die kruis, maar Hy het ook

die dood oorwin deur sy opstanding sodat ek ook soos Jesus uit die dood kan opstaan.

Vader, kom maak my u kind. Ek draai nou my rug op die wêreld. Ek wil U dien. Ek kom met die pad wat Jesus vir my gemaak het en ek plaas my vertroue en my geloof nou in U.

Dankie dat U my nou vergewe en my u kind maak. Ek prys u Naam. In Jesus Naam bid ek dit. Amen!

As jy hierdie gebed eerlik en opreg gebid het, dan het die Here jou sy kind gemaak. Jy is nou wedergebore volgens **Johannes 3:1-7**. Hier begin 'n nuwe lewe vir jou. Dit is belangrik om nou die volgende 4 stappe te volg dwarsdeur jou lewe:

Wat moet ek nou doen?

Stap 1: <u>Draai jou rug op die wêreld</u>

"Dra dan vrugte wat by die bekering pas." ***(Matt 3:8)***

Begin deur vir 5 mense te vertel dat die Here jou gered het en dat jy nou 'n kind van die Here is. Ek sal ook baie graag 'n pad met jou wil stap. Indien jy hierdie besluit geneem het saam met die Here, kontak my asb. by johan@gesinskerk.co.za of by 084 580 5740.

Stap 2: <u>Kies die pad van groei</u>

"Hóm verkondig ons deurdat ons alle mense met alle moontlike wysheid onderrig en leer sodat ons elke mens tot geestelike volwassenheid in Christus kan bring." ***(Kol 1:28)***

Kies die pad van groei. Kies die pad na geestelike volwassenheid. Hier is 3 dinge wat belangrik is vir gesonde geestelike groei:

1. Begin met 'n daaglikse stiltetyd.

2. Skakel in by 'n Bybelse, lerende gemeente.
3. Skakel in by 'n weeklikse Bybelstudiegroep.

Stap 3: <u>Volhard in die Here</u>

"Ons behou deel aan Christus as ons end-uit volhard in die vertroue waarmee ons begin het." ***(Heb 3:14)***

Moenie jou oë van die Here Jesus afhaal nie. Maak soos die Hebreërs-skrywer sê: hardloop, gooi al die laste af, hou jou oë gevestig op Jesus **(Heb 12:1-2)**.

Die Here sal jou die krag gee deur die Heilige Gees. Hou aan bid, hou aan Bybelstudie doen en hou aan tussen ander gelowiges kom om jou geestelik te versterk. **(Heb 10:24-25)**

Stap 4: <u>Lewe 'n Koninkrykslewe</u>

"Beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee."
(Matt 6:33)

Leef 'n lewe wat ingestel is om die Here tevrede te stel. Soek die Here se wil in alles wat jy doen en Hy sal jou op die regte pad laat loop **(Spr 3:6)**.

Skakel in by die liggaam van Christus. Jy het 'n rol om te speel! Skakel in, word 'n dissipel, soek die Here se wil – en maak dissipels!

Mag die Here jou seën op hierdie pad van groei. Kontak my gerus indien jy enige hulp, ondersteuning of bystand nodig het.

Die Here seën.

Notas

"Deur die bloed van sy Seun is ons verlos en is ons oortredinge vergewe kragtens die ryke genade van God." **(Ef 1:7)**

"The voice of sin is loud, but the voice of forgiveness is louder."
– Dwight L. Moody

WEEK 3

Inleiding

In die vorige weke het ons vir mekaar gesê dat ons nou 'n nuwe mens is in Christus. Ons is nuut gemaak deur wedergeboorte. Maar ons is nie net nuut gemaak nie, ons is nou ook ware bloedkinders van God die Vader. Jesus het vir ons verlossing gebring – iets wat ons nie verdien het nie.

Vandag kyk ons na nog 'n baie belangrike element van ons identiteit: Vergifnis. Baie gelowiges het die Here Jesus aangeneem as Verlosser, maar lewe steeds met die skuld en skande van die verlede. In vandag se studie gaan ons kyk na hoe God ons vergewe het en waarom ons nie hoef te leef met die skande en skaamte van die verlede nie.

Ek is nou totaal en al vergewe

Tema teks: 1 Johannes 1:1-10
Leier: Moedig deelname aan deur almal in die groep 'n kans te gee om leeswerk te doen.

"Eers as die Seun julle vry maak, sal julle werklik vry wees."
(Joh 8:36)

In **Johannes 10:10** lees ons dat Jesus vir ons lewe wil gee, dit is lewe in oorvloed. Waarom is dit dan dat so baie gelowiges lyk of hulle vasgevang is in die verlede? Die rede hiervoor is dat hulle nie lewe in die vergifnis wat Christus aan die kruis vir hulle bewerkstellig het nie.

'n Voëltjie kan vry wees om te vlieg as die hok se deur oopgaan, maar hy sal nie die vryheid beleef nie totdat hy uit die hok uit gaan en sy vlerke sprei. Net so wil die Here vir ons help om vry te wees van die verlede. In hierdie studie kyk ons na hoe God se vergifnis werk.

Almal het sonde gedoen
*Lees **1 Johannes 1:8** en **10***

Die mens wat beweer dat hy sondeloos is, lieg vir homself. Die feit is, deur Adam is ons almal in sonde gebore. Ons doen sonde omdat ons 'n sondige natuur het. Die mens wat dit regkry om regtig min sonde te doen, is op die beste net 'n goeie slegte mens.

Dit is eers wanneer die mens die gewig van sy sondelas besef dat die verlossingswerk van die Here Jesus aan die kruis vir hom 'n noodsaaklikheid word. Dit is daarom nodig om hier te begin en vir mekaar baie duidelik te sê:

Elkeen van ons het as sondaar in hierdie wêreld gekom.

Elkeen van ons het verlossing in die Here Jesus nodig.

GESPREKSVRAAG:

Lees **Romeine 3:9-18**. Wat lees ons hier van die algemene toestand van die mens? Met watter groot probleem los dit die mens volgens **Romeine 3:23** en **6:23**? _____

_____

_____

_____

Bekering is 'n voorvereiste

*Lees **Handelinge 2:38** en **3:19***

Die woord *bekeer* beteken om 'n drastiese verandering te maak in hoe 'n mens dink en leef. Maar ons bekeer nie net weg van sonde af nie, ons bekeer na Christus toe. Ons draai nie net weg van sonde nie, want in onsself is daar nie krag om teen die sondige natuur op te staan nie – nee, ons bekeer ná Christus toe. In Christus is daar genade.

In **Kolossense 3:9-10** lees ons dat ons moet breek met die ou sondige mens. Ons is klaar met die dinge van vroeër. Dit verwys na bekering. Ons doen dit nie uit onsself nie, ons doen dit omdat God ons nuut gemaak het. Dit het Hy gedoen deur wedergeboorte.

God doen die wedergeboorte en ons doen die bekering. Ons kan onsself nie verander nie, maar ons moet aktief wegdraai van die ou sondige lewe.

GESPREKSVRAAG:

Lees **Jesaja 55:6-7**. Wat lees ons van die Here se gesindheid in hierdie verse? Wat moet die mens doen? _____

_____

_____

_____

_____

God se vergifnis is wyd en diep

*Lees **Psalm 103:12** en **Jesaja 1:18***

Wanneer die Here vergewe, doen Hy 'n goeie werk. Die Here hou nie terug en vergewe nie voorwaardelik nie. Wanneer die Here vergewe, vergewe Hy heeltemal en totaal en al!

1 Johannes 1:9 maak dit duidelik dat die Here niks teen ons hou nadat Hy vergewe het nie. Daarom mag ek nie die heeltyd terugkeer na my eie skande en skaamte van die verlede nie. Dit is verby en vergewe.

Verstaan dit mooi – die feit dat die Here my vergewe het, beteken nie dat die resultaat van my sonde skielik gaan verdwyn nie. Die resultaat van my sonde mag dalk 'n letsel op my en die mense om my los vir die res van ons lewens. In die Here se genade gaan Hy my help om die beste te maak en **Johannes 10:10** word dan waar in my lewe. Ek kan die volheid van die Here uitleef. Christus het my skande en skaamte op Hom geneem.

GESPREKSVRAAG:

Lees **Romeine 4:7-8**. Wat lees ons in hierdie verse rondom vergifnis? Hoe bring ons dit uit by **Johannes 10:10**? _____

_____

_____

_____

_____

Leef 'n lewe in die lig

*Lees **1 Johannes 1:5-7** en **Johannes 8:10-11***

Die Here wil ons help om in die lig te lewe. Wat gebeur as ek val en in sonde beland? Ons moet verstaan dat Christene ongelukkig in sonde kan val. Wanneer dit gebeur, verloor ons nie ons redding nie. God se vergifnis is groter as ons sonde.

God se gesindheid is nie een wat rede soek om ons kindskap op te skort nie. Dit is daarom nodig om dadelik weer op te staan en by die Here uit te kom.

As kinders van God behoort ons 'n meer positiewe benadering te volg. Ons moet ons lewens instel om in die lig te leef. Ons moet plekke en geleenthede vermy waar ons in sonde kan beland. Voorsorg is altyd beter as nasorg. Wanneer ons ons lewe instel om in die lig te leef, sal daar baie minder versoekings oor ons pad kom.

GESPREKSVRAAG:

Lees **Galasiërs 5:13** en **Jakobus 4:17**. Watter opdragte kry ons in hierdie verse? _____

_____

_____

_____

Opsomming:

Dit is baie belangrik om te onthou dat ons nou 'n nuwe identiteit in Christus het – ons is vergewe deur die bloed van Christus. Hy het die straf wat op ons moes kom, op Hom geneem **(1 Pet 2:24)**, daarom is ek vry van my verlede. Christus het my skandes en skaamte van die verlede aan die kruis gedra. Ek lewe daarom nou met die identiteit dat ek volkome en geheel en al vergewe is. As God nie my verlede teen my hou nie, sal ek dit beslis ook nie doen nie.

Gebedsjoernaal		
	Gebedsversoek	*Terugvoer*
1		
2		
3		
4		
5		
6		
7		
8		
9		
10		

WEEK 3

Iets om te onthou

In Christus is ek volkome en geheel en al vergewe. As God nie my verlede teen my hou nie, sal ek dit ook nie doen nie.

Vers om te onthou

"*So ver as die ooste van die weste af is, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons af.*" **(Ps 103:12)**

Vraag om oor na te dink

Op watter manier hou my verlede my nog terug om voluit vir die Here te lewe? Wat kan ek daaromtrent doen?

Hoe maak ek vandag se studie prakties in my eie lewe?

_____

_____

_____

_____

Gebed om te bid

Vader, dankie dat U nie meer my verlede teen my hou nie. Dankie dat Christus al my sondes, skandes en skaamte op Hom geneem het aan die kruis sodat ek vry kan wees. Help my om hierdie lewe ook te leef met daardie identiteit.
AMEN

Notas

"Julle is dus nie meer ver van God af nie, nie bywoners nie, maar medeburgers van die gelowiges en lede van die huisgesin van God." **(Ef 2:19)**

"It is Jesus that makes us a congregation. We are the church of Christ and we are the family of God." – Adrian Rodgers

WEEK 4

Inleiding

Elke mens het die inherente behoefte om te behoort. Die term weeskinders slaan 'n baie sensitiewe en emosionele snaar in elkeen van ons se harte.

Die dag toe die Here ons wedergeboorte geskenk het deur die Heilige Gees, het ons nie net kinders van die Vader geword nie, ons het ook deel geword van 'n nuwe gesin. Ons is nie enkelkinders nie, nee, ons is deel van 'n groot uitgebreide gesin.

Deel van ons geestelike identiteit is ook in hierdie gesin waaraan ons behoort. Ons het dus baie broers en susters wat nes ons die Here dien. Almal van ons het deel gekry aan hierdie gesin deur die verlossingswerk van Jesus Christus aan die kruis.

Ek is nou deel van die huisgesin van God

Tema teks: Efesiërs 2:19-22
Leier: Moedig deelname aan deur almal in die groep 'n kans te

gee om leeswerk te doen.

Dit is belangrik dat ek my identiteit in hierdie gesin sal vind. Net soos ek nie 'n keuse het wie my vleeslike broers en susters is nie, net so het ek ook nie 'n keuse wie my geestelike broers en susters is nie. Hulle is deur God deel gemaak van hierdie gesin. Omdat God hulle liefhet, moet ek hulle ook liefhê. Omdat God hulle aanvaar, moet ek hulle ook aanvaar en omdat God verantwoordelikheid vir hulle aanvaar moet ek ook vir hulle verantwoordelikheid aanvaar.

'n Nuwe, sterker gesinsband
*Lees **Matteus 12:46-50***

Die woord het versprei dat Jesus wonderwerke begin doen het en die massas het Jesus begin volg. Ons lees dat, toe Jesus se bloedfamilie dit hoor, het hulle gedink Hy het van sy kop af geraak **(Mark 3:21)**. In hierdie gedeelte sien ons dat Jesus se ma en broers Hom wou spreek.

Dit is hier waar Jesus onderskeid maak tussen bloedfamilie en die geestelike familie. In hierdie gedeelte maak Jesus dit duidelik dat die geestelike familie 'n sterker band het as die vleeslike familie.

Jesus maak dit baie duidelik: Wie is werklik ons broers en susters? – almal wat die Here soek en dien. Hierdie is ons werklike gesin.

GESPREKSVRAAG:
Lees **1 Johannes 5:1-2**. Wat lees ons hier rakende die kinders van God en ons interaksie met mekaar? Hoe dui dit op 'n "sterk" gesinsverband? _____

_____

_____

_____

_____

'n Gesin regoor grense heen

*Lees **Romeine 10:11-12** en **Galasiërs 3:28***

Ons is mense wat maklik assosieer volgens ons eie kultuur, opvoeding en ras. As gelowige kan ek maklik onder die versoeking kom om iemand wat ongelowig is, aan te sien as my broer, en iemand wat 'n gelowige is van 'n ander kultuur of ras, uit te sluit.

Dit is egter belangrik dat ek moet onthou dat ek broers en susters oor taal-, kultuur- en kleurgrense heen het. As iemand Jesus Christus aangeneem het as Verlosser, is hy 'n kind van God. Hy is dan my geestelike broer.

Ons assosieer daarom nie meer volgens ras, kultuur of kleur nie, maar volgens verlossing in Christus. Daar is dus net twee tipes mense in hierdie wêreld: gereddes en ongereddes, gelowiges en ongelowiges.

Hierdie is 'n geweldige belangrike konsep om te verstaan. Ons kan maklik onder die indruk kom dat iemand gered is net omdat ons goed oor die weg kom met daardie persoon. Ons bly in dieselfde buurt, praat dieselfde taal, speel saam golf en beweeg in dieselfde kringe. Daardie persoon kan egter ongered wees en op pad wees hel toe, en ek deel nie die evangelie met daardie persoon nie. Ek besef nie dat hy eintlik ongered is nie.

Ons moet daarom onthou dat ons gesinslede het regoor taal-, kultuur- en kleurgrense heen. My eie bloedbroer mag dalk ongered wees.

GESPREKSVRAAG:

Lees **Handelinge 15:6-9**. Wat lees ons in hierdie gedeelte? Wat is ons gevolgtrekking dan? _____

_____

_____

_____

'n Gesin met van babas tot volwassenes
*Lees **Kolossense 1:28***

Een van die uitdagendste aspekte daarvan om deel te wees van 'n geestelike gesin, is om te onthou dat almal nog besig is om te groei in die Here. Ons verwag dat almal super-Christene moet wees en dat almal klaar perfek moet wees. Die realiteit is ongelukkig baie vêr hiervan. Dit bring baie stres mee, want ons koester onrealistiese verwagtinge teenoor mekaar.

Lees die volgende verse en beskryf die verskillende tipe Christene:

1 Petrus 2:2 _____
Efesiërs 4:14-15 _____
2 Korintiërs 6:17-18 _____
Romeine 8:14-16 _____
2 Timoteus 1:2 _____
Titus 1:4 _____

In hierdie gedeeltes sien ons baie verskillende fases daarvan om 'n gelowige te wees. In die Grieks word die onderskeid nog verder getref. Vir meer hieroor lees die vierde studie van die Bybelstudieboek: Kindskap.

GESPREKSVRAAG:
Lees **Efesiërs 4:1-3**. Watter belangrike opdragte gee Paulus vir ons in hierdie gedeelte? Hoe is dit van toepassing op die gesin van die Here? _____
_____
_____
_____
_____

Opsomming:

In vandag se studie het ons gekyk na hoe ek in God se gesin inpas. Deur die genadewerk van Jesus Christus aan die kruis het God my sy kind gemaak. Maar ek is nie 'n alleenkind nie, nee, ons is baie kinders in die gesin van die Here. Hierdie gesin bestaan uit mense van baie kulture, volke, tale en rasse.

Ons tref daarom nie meer onderskeid op grond van Afrikaans, Spaans of Italiaans nie, ook nie meer wit, swart of bruin nie. Daar is net twee tipes mense in hierdie wêreld: gelowiges en ongelowiges, die wat deel is van God se gesin en die wat nog vir Jesus gewen moet word. My identiteit is daarom kind van God en ek is deel van God se gesin.

Notas

Gebedsjoernaal		
	Gebedsversoek	*Terugvoer*
1		
2		
3		
4		
5		
6		
7		
8		
9		
10		

WEEK 4

Iets om te onthou

Ek is nou deel van die uitgebreide huisgesin van God.

Vers om te onthou

"Dit maak nie saak of iemand Jood of Griek, slaaf of vry, man of vrou is nie: in Christus Jesus is julle almal één." **(Gal 3:28)**

Vraag om oor na te dink

Hoe raak dit my dat ek deel is van God se uitgebreide gesin? Wat is dit wat die Here van my verwag na aanleiding van hierdie studie?

Hoe maak ek vandag se studie prakties in my eie lewe?

_____

_____

_____

_____

Gebed om te bid

Vader, help my om u kinders lief te hê. Help my om almal wie Jesus aangeneem het, as broers en susters lief te hê en te dien. Help my om ook die erns van die saak te verstaan rakende diegene wat nog nie Jesus ken as Verlosser nie.
AMEN

Notas

"Net soos die liggaam 'n eenheid is en baie lede het, en soos al die lede saam, al is hulle baie, een liggaam vorm, so is dit ook met die liggaam van Christus." **(1 Kor 12:12)**

"As we mature spiritually, we exhibit a growing capacity to care for, and appreciate one another in the body of Christ, regardless of our differences." – Joseph Stowell

WEEK 5

Inleiding

In verlede week se studie het ons vir mekaar gesê ons is deel van die huisgesin van God. Deur wedergeboorte het God ons sy kinders gemaak. Maar ons is nie alleen kinders nie, ons is deel van 'n groter en uitgebreide gesin. Dit maak 'n groot en belangrike deel uit van ons identiteit in Christus.

As gelowiges is daar nog 'n deel van ons identiteit wat nou verband hou met die huisgesin-aspek – ons is ook die liggaam van Christus. Paulus maak hierdie gedagte baie duidelik in **1 Korintiërs 12:27**: *"Julle is die liggaam van Christus, en afsonderlik is elkeen 'n lid daarvan."*

Ek is nou deel van die liggaam van Christus

Tema teks: 1 Korintiërs 12:12-20
Leier: Moedig deelname aan deur almal in die groep 'n kans te

gee om leeswerk te doen.

Om my identiteit in die liggaam van Christus te vind, het verreikende gevolge. In 'n liggaam is daar nie juis plek vir individualiteit nie. Elke deel van die liggaam kry sy identiteit as gevolg van die groter geheel. Die implikasie hiervan is dat ons nog nouer behoort te assosieer en saam te werk.

Christus is die Hoof van die liggaam
*Lees **Efesiërs 4:15-16***

Net om duidelik te maak, die hoof in hierdie vers is nie soos die hoof by 'n skool nie. Die woord vir hoof in die Grieks dui op die fisiese kop van 'n liggaam **(Mark 6:25)**.

Jesus is die Hoof van die kerk. As ons liggaamsdele is, dan is Jesus die kop of dan die brein. Net soos enige liggaam 'n brein het wat beheer oor die hele liggaam uitoefen, net so is Jesus die brein van die liggaam.

Die liggaamsdele is daarom onderwerp aan die hoof. Die hoof gee die opdragte en die liggaam moet hierdie opdragte totaal en al sonder eie diskresie uitvoer. In 'n liggaam waar 'n ledemaat nie die opdragte van die brein uitvoer nie, kan ons sê dat die liggaamsdeel siek is en nie funksioneel is nie.

Net so behoort ons die opdragte wat die Here Jesus vir ons in sy Woord gee, totaal en al sonder ons eie diskresie uit te voer.

GESPREKSVRAAG:
Lees **Efesiërs 4:15-16** weer. Wat behoort ons gesindheid te wees teenoor ons Hoof asook die medeliggaamsdele volgens hierdie verse? _____
_____
_____
_____
_____

Ons tree nou op in belang van die liggaam

*Lees **1 Korintiërs 12:12-13***

Dit is 'n baie akkurate vergelyking om die kerk met 'n liggaam te vergelyk. Paulus maak dit duidelik dat daar baie lede is. Elke lid het 'n besonderse funksie. Sonder daardie spesifieke lid sal die liggaam die een of ander gebrek beleef.

Selfs die ooglopend onbelangrike ledemate speel tog 'n rol. Die Here het ons almal gemaak en almal van ons moet ons kant bring. Geen lid tree tog in sy eie belang op nie. Elke lid tree in belang van die res van die liggaam op.

Net so moet elke persoon in die gemeente besef dat ons die liggaam van Christus is. As een lid ophou om te funksioneer, ly die hele liggaam daaronder. Ons moet dus saamwerk as 'n liggaam, as 'n eenheid.

GESPREKSVRAAG:

Lees **1 Korintiërs 12:16-17**. In hierdie verse sien ons hoe iemand tipies kan redeneer. Waarom kan ons nie so redeneer nie? Hoe behoort ons wel oor die saak te dink? _____

_____

_____

_____

Diversiteit gee ons krag

*Lees **1 Korintiërs 12:21-26***

Dit is juis in ons diversiteit waar ons krag lê. Almal het nie dieselfde funksie nie. Dit is wonderlik hoe die Here die liggaam gemaak het. Alhoewel ons almal verskillende opdragte uitvoer, doen ons tog mee aan een sentrale opdrag.

Ons behoort daarom mekaar se sterk eienskappe te vier en baie genadig te wees met mekaar se swakker eienskappe.

Iemand anders het sekere gawes en talente gekry juis om 'n sekere funksie in die liggaam te vervul. Dit is amper soos 'n legkaartstukkie. Daardie kepies rondom elke stukkie mag dalk vir my lyk soos swakhede, maar dit is om spasie te maak vir 'n ander se sterk eienskappe.

Dit is juis so dat ons almal mekaar nodig het. Die Here het dit so gemaak dat ons moet saamwerk. Geen persoon kan alleen liggaam wees nie.

GESPREKSVRAAG:

Lees **Efesiërs 4:15-16** en **Galasiërs 6:4**. Watter belangrike waarhede leer ons uit hierdie verse? _____

_____

_____

_____

_____

God is die Argitek van die liggaam

*Lees **1 Korintiërs 12:17-20***

Onthou, hierdie liggaam is die liggaam van Christus! Die implikasie hiervan is dat die liggaam aan Hom behoort. Die hele idee van die liggaam kom van God af. Hy is die Argitek van die liggaam.

Dit is daarom belangrik dat ons ons eie identiteit binne die konteks van die liggaam moet vind. Wanneer iemand besluit om nie sy gawes en talente in die liggaam te gebruik nie, doen dit die hele liggaam skade. Dit is daarom belangrik dat elkeen van ons moet onthou dat ons deel is van die groter plan van God.

GESPREKSVRAAG:

Lees **Galasiërs 5:13-14**. Wat behoort my gesindheid te wees ten opsigte van die liggaam van Christus? Lees nou **Hebreërs 12:1-2**. Hoe is hierdie vers 'n teenvoeter vir mismoedigheid? _____

_____

_____

_____

_____

Opsomming:

In vandag se studie het ons duidelik vir mekaar gesê dat daar krag is in ons diversiteit, maar net so lank ons as 'n eenheid saamwerk. Ons is saam die liggaam van Christus en Hy is die Hoof! Jesus gee vir ons sy opdragte duidelik in die Woord – opdragte wat ons totaal sonder eie diskresie moet uitvoer.

Notas

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

_____

Gebedsjoernaal		
	Gebedsversoek	*Terugvoer*
1		
2		
3		
4		
5		
6		
7		
8		
9		
10		

WEEK 5

Iets om te onthou

Ons is die hande en voete van Jesus hier op aarde en Hy is ons Hoof.

Vers om te onthou

"Julle is die liggaam van Christus, en afsonderlik is elkeen 'n lid daarvan." **(1 Kor 12:27)**

Vraag om oor na te dink

Op watter manier raak dit my identiteit dat ek 'n deel is van die liggaam van Christus? Hoe behoort ek my deelname in die gemeente te sien?

Hoe maak ek vandag se studie prakties in my eie lewe?

_____

_____

_____

_____

Gebed om te bid

Vader, help my om te verstaan dat ek 'n deel is van die liggaam van Christus. As ek nie my deel doen nie, ly die hele liggaam daaronder. Help my om U getrou te dien deur my rol as lid van die liggaam getrou te speel.
AMEN

Notas

"Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet." **(Rom 8:37)**

"The word here for overcomes, nikaoin in Greek, means to conquer, it means to win, it means to defeat, it means to gain victory." – John F. MacArthur

WEEK 6

Inleiding

Daar is baie dinge in hierdie lewe wat help vorm aan ons identiteit. Gebeure, positief of negatief, kan 'n diepgaande effek hê op hoe ons onsself sien en op ons identiteit.

Dit mag wees dat iemand foute gemaak het of geraak is deur ander se foute. Daardie gebeure laat gewoonlik diep letsels en maak dat iemand nie meer voluit leef nie. Dit is ongelukkig ook waar van baie gelowiges.

In hierdie studie gaan ons kyk hoe daar een gebeurtenis is wat alle ander gebeurtenisse oorskadu. My ontmoeting met die Here Jesus Christus behoort enige ander gebeurtenis in my lewe te oorskadu. Daardie dag toe ons 'n ware ontmoeting met Christus gehad het, het alles kom verander. Soos Paulus dit beskryf:

"Hy het ons uit die mag van die duisternis

weggeruk en ons onder die heerskappy gestel van sy Seun wat Hy liefhet." **(Kol 1:13)**

Ek is nou meer as 'n oorwinnaar in Christus

Tema teks: Romeine 8:35-39
Leier: Moedig deelname aan deur almal in die groep 'n kans te gee om leeswerk te doen.

Paulus maak dit duidelik dat ons meer as oorwinnaars is. Om 'n oorwinnaar te wees, impliseer dat ons reeds eerste gekom het. Maar om meer as 'n oorwinnaar te wees, is soos 'n atleet wat 'n wêreldrekord laat spat. Dis wat ons nou is in Christus Jesus.

Ons is oorwinnaars – God is vir ons
*Lees **Romeine 8:31-32***

God is vir ons, wie kan teen ons wees? As God aan ons kant is, wat maak dit saak wie teen ons is? As God ons dan vergewe het, wat maak dit saak wie nog wrokke teen ons koester? As God goeie planne vir ons het, wie se slegte planne kan dan uitwerk?

Die Here het ons nie geroep om in vrees te lewe nie, maar in oorwinning. Iemand wat vanuit 'n posisie van vrees lewe, neem sy besluite ook vanuit daardie disposisie. As kinders van die Here lewe ons met hierdie wete: God is vir ons, niemand kan teen ons wees nie.

GESPREKSVRAAG:
Lees **2 Korintiërs 12:9** en **Hebreërs 13:5**. Watter troos bied hierdie verse aan ons? Hoe behoort dit ons lewe te beïnvloed? _____
_____
_____
_____
_____

Ons is oorwinnaars – God se liefde is altyd groter

Lees ***Romeine 8:33-39***

Dit is nodig om duidelik vir mekaar te sê dat die Skrif nie aan ons belowe dat daar nooit swaar tye gaan kom nie. Die meeste van die apostels was tot die dood toe vervolg. Oor die eeue heen was daar baie mense wat gehaat is oor hulle geloof. Daar is regdeur die eeue mense vermoor vir hulle geloof. Vandag nog sterf gelowiges daagliks vir hul geloof in die Here Jesus.

Maar al word ons vervolg, is ons oë nie op 'n aardse beloning nie. Ons oë is op die Here en ons weet dat die swaarkry wat ons hier beleef, nie opweeg teen die heerlikheid wat volg nie – die heerlikheid wat God aan ons belowe. Ons rus daarom in God se liefde en genade vir ons. God se liefde dring ons en God se liefde dryf ons!

GESPREKSVRAAG:

Lees **Romeine 8:18**. Wat is die implikasie van hierdie vers? Hoe help die feit dat God ons liefhet in hierdie situasie? _____

_____

_____

_____

Ons is oorwinnaars - All's well that ends well

Lees ***Romeine 8:28***

Die gesegde "All's well that ends well" beteken dat as alles op die ou einde goed uitwerk, ons deur die moeilike tye kan kom. Terwyl daar geen waarborge is in hierdie lewe nie, is hierdie absoluut waar vir kinders van die Here. Alles werk voorwaar ten goede mee vir die wat die Here liefhet.

Kinders van die Here weet dat alles wat ons hier op aarde doen, 'n ewigheidsimpak het. Niks wat ons hier doen vir die Here, is vrugteloos of nutteloos nie.

GESPREKSVRAAG:
Lees **1 Korintiërs 15:58**. Wat sê Paulus vir ons in hierdie gedeelte? _____

_____

_____

_____

Ons is oorwinnaars – Die regte houding vir die lewe
*Lees **Romeine 8:37***

As kinders van die Here moet ons met 'n ander houding lewe. 'n Atleet wat weet hy is goue medalje materiaal, hardloop soos iemand wat 'n goue medalje gaan wen – hy kan nie anders nie. Dit is ingebou in sy hele houding en benadering.

Net so moet ons hele benadering en houding in die lewe in lyn kom met ons nuwe posisie in Christus. Dit is nie 'n self-trots waarvan ons praat nie, want ons het hierdie oorwinning nie uit onsself gekry nie. In nederigheid weet ons dat ons dit in Christus ontvang het. Nou leef ek my hele lewe soos 'n oorwinnaar.

Ons kan daarom staan as dinge moeilik raak, want ons is meer as oorwinnaars deur Christus wat ons die krag gee.

Daarom kan ons nee sê vir sonde, want ons is meer as oorwinnaars deur Christus wat ons die krag gee.

Ons kan die roeping wat ons in Christus ontvang het voluit uitleef, want ons is meer as oorwinnaars deur Christus wat ons die krag gee.

GESPREKSVRAAG:
Lees **Kolossense 3:2-4**. Wat moet ons doen volgens hierdie verse? Hoe help dit ons om 'n oorwinnaarshouding te hê? _____

_____

_____

_____

Opsomming:

Paulus sê in **Filippense 3:14-15**:

> *"Ek span my in om by die wenstreep te kom, sodat ek die hemelse prys kan behaal waartoe God my geroep het in Christus Jesus. Ons almal wat geestelik volwasse is, moet hierdie gesindheid hê."*

Ons lewe hierdie lewe nie as mense wat net-net nie verloor het nie. Nee, ons lewe hierdie lewe soos oorwinnaars. Dit raak elke dag deel van ons lewe. Dit is nie déél van ons identiteit nie, dit ís ons identiteit – ons is meer as oorwinnaars deur Christus wat ons die krag gee.

Notas

Gebedsjoernaal		
	Gebedsversoek	*Terugvoer*
1		
2		
3		
4		
5		
6		
7		
8		
9		
10		

WEEK 6

Iets om te onthou

Dit maak nie saak waar ek was nie, ek is nou meer as 'n oorwinnaar deur Christus wat my die krag gee.

Vers om te onthou

"Maar in al hierdie dinge is ons meer as oorwinnaars deur Hom wat vir ons liefhet." **(Rom 8:37)**

Vraag om oor na te dink

Watter deel van my lewe reflekteer nie dat ek 'n oorwinnaar is in Christus nie? Waarom nie? Wat behoort ek daaraan te doen?

Hoe maak ek vandag se studie prakties in my eie lewe?

_____

_____

_____

_____

Gebed om te bid

Vader, dankie dat ek meer as 'n oorwinnaar is deur Christus. Dankie dat ek hierdie lewe, maak nie saak wat gebeur nie, met hierdie houding kan leef. Dankie dat U vir my die krag gee om te leef.
AMEN

Notas

"Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen elke mag en gesag, teen elke gees wat heers oor hierdie sondige wêreld, teen elke bose gees in die lug." **(Ef 6:12)**

"The Christian has put on the whole armour of God, he is filled with the strength and the power, and he has fought the battle in the evil day. Then having done all, he is tempted to take off his armour. "I have gained the victory," he says, "all is well." Then, taking off his armour, he lies down on his bed. "No," says the apostle, having done all – to stand!" Go on standing. You are always on duty in the Christian life, you can never relax. There is no such thing as a holiday in the spiritual realm."
– Martyn Lloyd-Jones

WEEK 7

Inleiding

Enigiemand wat 'n soldaat was en met lewendige ammunisie geskiet het, weet dat dit 'n saak is van lewe en dood. Wanneer daar koeëls oor jou kop fluit, is daar nie tyd om oor nietighede te redekawel nie. Iemand wat op die slagveld is, kla nie oor gisteraand se koue pampoen nie.

Wanneer ons praat oor die Christen se identiteit as soldaat, praat ons oor baie ernstige sake. Dit gaan oor lewe en dood. Mense se siele is op die spel. Daarom kan gelowiges nie betrokke raak by 'n nietige gekibbel oor nonsens nie.

Ek is nou ‘n soldaat in God se weermag

Tema teks: Efesiërs 6:10-20
Leier: Moedig deelname aan deur almal in die groep ‘n kans te gee om leeswerk te doen.

Elke gelowige behoort deeglik daarmee rekening te hou dat hy ‘n soldaat is. Indien meer gelowiges die volle gewig en die erns van die saak besef, sal daar baie minder nietige probleme in die kerk wees.

Kom ons kyk van nader na die gelowige as ‘n soldaat in God se weermag.

‘n Ware oorlog vereis ware soldate

*Lees **Efesiërs 6:10** en **12***

Hierdie oorlog is nie speel-speel of soos dit in Engels sê: “make-believe”, nie. Paulus maak dit duidelik dat hierdie ‘n ernstige stryd is, ‘n oorlog om lewe en dood.

Anders as wat baie mense mag dink, is hierdie nie ‘n oorlog tussen kerke nie. Ons is nie in ‘n kompetisie met ander kerke om te kyk wie kan die meeste mense op ‘n Sondag op die stoele kry nie.

Hierdie oorlog is ook nie tussen gelowiges en ongelowiges soos ons in die ou dae “Cowboys and Crooks” gespeel het nie. Die mense in hierdie wêreld is nie ons vyand nie.

Paulus maak dit baie duidelik in hierdie gedeelte wie ons vyand is. Hierdie is nie ‘n vyand wat ligtelik opgeneem behoort te word nie.

GESPREKSVRAAG:
Lees weer **Efesiërs 6:10** en **12**. Wie is ons vyand en wat leer ons van hom in hierdie verse? _____

_____

_____

_____

Soldate dra hul deel in die stryd

*Lees **2 Timoteus 2:3***

Paulus beveel Timoteus om sy deel van die ontberings te dra soos 'n goeie soldaat van Christus. Die atmosfeer wat heers in 'n oorlogsituasie is minder as ideaal. Soldate op die slagveld moet baie keer ure van lewensgevaar verduur.

Die idioom sê: "When the going gets tough, the tough gets going". Die betekenis is direk van toepassing op gelowiges. Wanneer die situasie moeilik raak, staan gelowiges al sterker in die Here.

Ons is nie goeie-weer Christene nie. Paulus se woorde aan Timoteus is ook vir ons. Ons moet elke dag ons deel van die ontberings dra soos goeie soldate in Christus.

GESPREKSVRAAG:
Lees **Matteus 5:10-12**. Wat lees ons in hierdie verse? Hoe skakel dit in by **2 Timoteus 2:3**? _____

_____

_____

_____

Soldate stel hul bevelvoerder tevrede

*Lees **2 Timoteus 2:4***

'n Soldaat behoort nie net sy deel van die ontberings te dra nie, maar 'n soldaat behoort altyd seker te maak hy stel sy

bevelvoerder tevrede. Hoe doen hy dit? Deur nie opgevang te word in die alledaagse dinge nie.

'n Soldaat wat op die slagveld is, speel nie "Candy Crush" op sy selfoon terwyl die koeëls oor sy kop fluit nie. Hy is absoluut gefokus op die taak wat hy moet doen. Hy weet dat as hy sy aandag laat aflei deur allerhande nietige dinge, dit tot lewensverlies kan lei.

Paulus maak dit duidelik aan Timoteus dat hy nie moet toelaat dat sy aandag afgelei word nie. Dit is sy verantwoordelikheid dat sy aandag by die Here se sake is.

GESPREKSVRAAG:

Lees weer **2 Timoteus 2:4**. Watter dinge trek ons aandag af in vandag se samelewing? Hoe benadeel dit die koninkryk van die Here? Hoe behoort ons dit reg te stel? _____

_____

_____

_____

_____

Soldate bly op hul pos

*Lees **Efesiërs 6:11** en **13***

'n Soldaat moet altyd op sy pos wees. 'n Soldaat kan nie 'n bietjie gaan lê omdat dit stil is nie. 'n Ware soldaat weet dat, indien hy een oomblik nie op sy pos is nie, dit geweldige negatiewe gevolge kan hê.

Ongelukkig is daar baie gelowiges wat MIA ("Missing in Action") is. Daar is baie gelowiges wat net nie opdaag vir diens nie. Elke Sondag sien jy dit, elke Woensdagaand sien jy dit. Dit is ongelukkig 'n groot probleem wat die kerk getref het. Gelowiges sal die Here dien solank dit vir hulle gemaklik is. Christene sal aanmeld vir diens solank dit by hul sosiale kalender inpas. Hulle

sal hul verantwoordelikheid as gelowiges nakom solank dit net nie met iets anders bots nie.

Dit is soos die gesegde sê: "Fiddling while Rome burns". As soldate in Christus se weermag kan ons net nie bekostig om ons met niksseggende aktiwiteite besig te hou terwyl 'n wêreld besig is om verlore te gaan nie.

Christen soldate, ons moet aanmeld en op ons pos bly staan!

GESPREKSVRAAG:

Lees **Esegiël 3:18-21**. Watter dringende waarskuwing gee die Here vir Esegiël. Alhoewel nie heeltemal van toepassing op ons nie, hoe skakel hierdie verse met **Matteus 9:36-38**? _____

_____

_____

_____

_____

Opsomming:

Die dag toe die Here my wedergeboorte geskenk het, het Hy my geroep tot hierdie weermag. Niemand, geen man, vrou of kind is uitgesluit nie. As jy 'n gelowige is, is jy geroep om deel te wees van hierdie weermag.

As soldaat van Christus moet ek my lewensprioriteite versigtig teen mekaar opweeg. Is dit waarmee ek my besig hou iets waarmee 'n soldaat in aktiewe diens mee besig moet wees?

Gebedsjoernaal		
	Gebedsversoek	*Terugvoer*
1		
2		
3		
4		
5		
6		
7		
8		
9		
10		

WEEK 7

Iets om te onthou

Ek is nou 'n soldaat in Christus se weermag. Ek bevind my tans op die slagveld in 'n stryd om lewe en dood.

Vers om te onthou

"'n Soldaat in aktiewe diens wat sy bevelvoerder tevrede wil stel, bemoei hom nie met die dinge van die gewone lewe nie."
(2 Tim 2:4)

Vraag om oor na te dink

Hoe raak die feit dat ek in aktiewe diens is in die Here se weermag, my alledaagse lewe?

Hoe maak ek vandag se studie prakties in my eie lewe?

_____

_____

_____

_____

Gebed om te bid

Vader, help my om elke dag dieper bewus te word van hierdie oorlog waarin ons gewikkel is. Help my om te onthou dat mense se siele ter sprake is en dat ek hierdie oorlog nie ligtelik sal opneem nie. Help my om elke dag aan te meld en elke dag op my pos te wees.
AMEN

Notas

"Die aarde en alles wat daarop is, die wêreld en dié wat daar woon, alles behoort aan die Here." **(Ps 24:1)**

God is the absolute owner of all things. – Clovis G. Chappell

WEEK 8

Inleiding

Wat beteken dit om eiendom van God te wees en hoe raak dit ons identiteit? Enige eiendom het 'n eienaar. Eienaarskap kom saam met sekere verantwoordelikhede en sekere voorregte.

Alles in die ganse skepping behoort aan God. God is die Eienaar van alles en Hy hou alles in stand. Oor die skepping se instandhouding en eienaarskap sê Paulus:

"Alles is deur Hom en vir Hom geskep. Voor alles was Hy al daar, en deur Hom bly alles in stand." ***(Kol 1:16-17)***

In hierdie studie gaan ons nie kyk na die skepping en alle mense as eiendom van God nie. Ons gaan net fokus op die mense wat die Here Jesus aangeneem het **(Joh 1:12)** en kinders van God is. Wanneer ek die Here Jesus aanneem en deur die Heilige Gees weergeboorte ontvang, plaas God die Heilige Gees in my. Dit is God se Gees wat in my hart bevestig dat ek sy eiendom is **(Rom 8:9** en **Ef 4:30)**. Die feit dat ek nou aan God behoort, sy

eiendom is, bepaal my identiteit.

Ek is nou eiendom van God

Tema teks: 2 Korintiërs 1:21-22
Leier: Moedig deelname aan deur almal in die groep 'n kans te gee om leeswerk te doen.

In hierdie gedeelte gebruik Paulus sterk begrippe om ons nuwe identiteit in Christus te beskryf. Hy sê ons is nou op vaste grond. Ons hoef nie onseker te wees oor wie ons is nie. Ons identiteit is vas in Christus.

Verder gebruik Paulus woorde soos *afgesonder*, *beseël* en *waarborg* – woorde wat dui op God se vaste eienaarskap van ons.

God kies my – ek kies God
*Lees **Matteus 10:37-39***

In **Johannes 15:16** sê Jesus vir sy dissipels: "*Julle het my nie gekies nie, ek het julle gekies*". Dit is duidelik dat Jesus die inisiatief neem. Ons is eiendom van God eerstens omdat God die inisiatief geneem het. As God ons nie wou gehad het en sy Seun na die wêreld gestuur het nie, kon ons niks aan ons redding doen nie. Dit is God wat die inisiatief neem. Hy kies ons eerste.

Hierdie is egter nie 'n eensydige verhouding nie. God wil hê ons moet Hom kies. Dit is nie 'n ligte keuse nie. Christus het Homself heeltemal oorgegee tot aan die kruis. Net so maak Jesus dit duidelik dat, as iemand kies om Hom te volg, die toewyding op dieselfde vlak moet wees. Die Here vra alles, 'n totale oorgawe. Dit is eintlik "Alles of Niks!"

GESPREKSVRAAG:
Lees **Josua 24:15-16** en **Deuteronomium 30:19**. Watter uitdaging lê in hierdie verse opgesluit? Waarom kan ons dit nie halfhartig doen nie? _____
_____
_____
_____

God se eiendom – 'n afgesonderde lewe
*Lees **1 Petrus 1:15-16***

Die gesegde sê: Die Here vra nie baie nie, Hy vra _____. Dit is onder die vorige punt duidelik gemaak: Jesus het alles gegee en Hy verwag ook onvoorwaardelike toewyding van ons. Hierdie toewyding word duidelik gemaak in die verwagting dat ons heilig moet lewe.

Heiligheid het twee basiese betekenisse:

#1) Afgesonder: Om heilig te lewe, beteken eerstens om afgesonder te lewe. Dit dui op die besondere besitlike reg wat God op ons het. Ek behoort aan niemand anders as aan Hom nie. God deel my met niemand nie. Ek behoort uitsluitlik aan Hom. Om heilig te lewe, beteken dat ek my hart nét vir die Here gee.

#2) Van hoë morele waarde: Wanneer ek dan afgesonder lewe vir die Here, beteken heiligheid tweedens ook dat ek nie meer my lewe besmet met sonde nie. Ek doen nie meer dinge wat my lewe vuil maak nie. Ek bly weg van sonde.

GESPREKSVRAAG:
Lees **1 Tessalonisense 4:3** en **Hebreërs 12:14**. Wat lees ons in hierdie verse rakende heiligheid? Hoe moet ek dit toepas in my lewe? _____
_____
_____
_____

God se Gees in ons – die waarborg tot redding

*Lees **Efesiërs 4:30***

Dit is belangrik om te verstaan dat ek die volheid van God ontvang het met wedergeboorte. Die dag toe ons die Here Jesus aangeneem het, het ons die eiendom van God geword en die bewys hiervan is dat die Heilige Gees in ons woon.

Lees hierdie verse en skryf neer wat dit sê:

Romeine 8:9 _____

2 Korintiërs 1:22 _____

Efesiërs 4:30 _____

1 Johannes 5:19 _____

Dit is duidelik dat God die Heilige Gees in ons laat woon. Een van die positiewe effekte hiervan is dat ek met 'n waarborg lewe dat ek aan God behoort. Daar is nie meer twyfel in my hart hieroor nie. Dit gee my baie sekerheid oor my identiteit in Christus.

GESPREKSVRAAG:

Lees **Romeine 8:16** en **Efesiërs 1:14**. In hierdie verse brei Paulus uit oor die impak wat die Heilige Gees op ons lewens het. Beskryf wat ons hieruit leer:

_____

_____

_____

_____

<u>Opsomming</u>:

Wanneer ons die Here Jesus aanneem as Verlosser, word ons die eiendom van God. God plaas die Heilige Gees in ons lewens om vir ons 'n waarborg te gee en te herinner dat ons aan Hom behoort. Dit bring baie vrede en gemoedsrus. My identiteit staan vas in Christus.

Gebedsjoernaal		
	Gebedsversoek	*Terugvoer*
1		
2		
3		
4		
5		
6		
7		
8		
9		
10		

WEEK 8

Iets om te onthou

Ek is nou God se eiendom. Ek behoort nie meer aan myself of aan hierdie wêreld nie.

Vers om te onthou

"Moenie die Heilige Gees van God bedroef nie, want Hy het julle as die eiendom van God beseël met die oog op die verlossingsdag." **(Ef 4:30)**

Vraag om oor na te dink

Hoe behoort ek na my eie lewe te kyk, gegewe die feit dat ek nie meer aan myself behoort nie, maar eiendom van God is?

Hoe maak ek vandag se studie prakties in my eie lewe?

_____

_____

_____

_____

Gebed om te bid

Vader, help my om hierdie lewe te leef met die wete dat ek nie meer aan hierdie wêreld of aan myself behoort nie. Christus het 'n duur prys betaal om my los te koop. Help my om te leef as u eiendom. Ek wil U verheerlik met my hele lewe.
AMEN

"Ons het in hierdie wêreld geen vaste verblyfplek nie, ons is op soek na die toekomstige." **(Heb 13:14)**

"If you are a Christian, you are not a citizen of this world trying to get to heaven; you are a citizen of heaven making your way through this world." – Vance Havner

WEEK 9

Inleiding

Enigiemand wat al in 'n vreemde land gereis het, weet hoe intimiderend die onsekerheid kan wees. Solank daar genoeg geld is in jou bankrekening, en jou paspoort en visum reg is, kan jy dalk veilig voel, maar iets kan so maklik skeefloop en dan kan jy 'n meer vyandige kant van die land beleef.

As kind van die Here is ons nie meer burgers van hierdie wêreld nie. Ons is nou burgers van die hemel. Die realiteit is dat ons net reisigers in hierdie wêreld is, en die inboorlinge van hierdie wêreld is nie baie ten gunste van waarvoor ons staan en waarom ons nog hier is nie.

Terwyl ons dan in hierdie wêreld is, moet ons vyandigheid te wagte wees. Jesus waarsku ons juis dat die wêreld ons geen guns gaan bewys nie:

"As die wêreld julle haat, onthou: hy het My voor julle gehaat." ***(Joh 15:18)***

Wanneer dit moeilik gaan in hierdie wêreld, moet ek onthou dat ek 'n burger is van die hemel en daarom is my identiteit ook nie gewortel in hierdie wêreld nie.

Ek is 'n burger van die hemel

Tema teks: Johannes 18:28-40 en Filippense 3:17-20
Leier: Moedig deelname aan deur almal in die groep 'n kans te gee om leeswerk te doen.

Hoe en waar ek my burgerskap sien, gaan 'n groot aandeel hê in hoe ek my lewe leef. Ek kan 'n gelowige wees en probeer om 'n tipe dubbele burgerskap te leef, maar dit sal altyd die gevolg hê dat my verhouding met die Here daaronder ly.

Dit is daarom nodig om sekere regstellings te maak in my lewe. Die vraag wat elkeen van ons onsself moet vra, is: Waar wil ek 'n burger wees? Dit is belangrik om vir mekaar te sê dat die hemel nie dubbele burgerskap toelaat nie.

Ons moet die volgende drie vrae vra om ons te help om te bepaal waar ons burgerskap is en die nodige aanpassings maak.

Waar is my liefde?
*Lees **Jakobus 4:4** en **1 Johannes 2:15-17***

Soos reeds genoem, die Here laat nie dubbele burgerskap toe nie. Wie 'n vriend van die wêreld wil wees, wys daarmee dat hy 'n vyand van God wil wees. Dit is daarom nie moontlik om 'n draadsitter te wees nie. Ek is of deel van die koninkryk van Christus of deel van die koninkryk van Satan en hierdie wêreld.

Dit is duidelik dat hierdie wêreld se uiteinde die verderf is. Gelowiges moet altyd diep bewus wees dat die enigste kans wat ons het om ongelowiges van Christus se verlossingswerk te vertel, is hier op aarde. Wanneer ons lief is vir die wêreld, dan

gaan ons doen wat die wêreld doen en sal ons nie die verlore mense van Christus vertel nie.

Ons behoort daarom ons liefde vir die Here aan te blaas. Hierdie liefde sal ons 'n lig vir die wêreld maak. Ons kan nie bekostig om hierdie wêreld enigsins lief te hê nie, want dit beskadig ons getuienis.

GESPREKSVRAAG:
Lees **Matteus 6:24-34**. Waarteen waarsku Jesus in hierdie gedeelte? Hoe skakel dit in by **Jakobus 4:4**? _____

_____

_____

_____

_____

Waar is my skatte?
*Lees **Matteus 6:19-20** en **Matteus 19:16-21***

Dit is eintlik baie maklik om te sien waar iemand se skatte is. Vra net die volgende vrae:

Waar spandeer ek die meeste tyd?
Waar spandeer ek die meeste geld?
Waar is my gedagtes die meeste?
Wat is op my versekeringspolis?
Wat is alles op my inventarislys?

Almal van ons moet werk. Die kans is goed dat ons die meeste van ons tyd by die werk spandeer. Almal van ons het besittings. Ons lewe tog in hierdie wêreld en dit is nie verkeerd nie, maar wanneer hierdie skatte my aandag en hart van die Here weglei, is dit 'n probleem.

Nog iets wat ons uit hierdie vrae kan leer, is hoe my lewe lyk op 'n balansstaat. Is ek enigsins besig om skatte in die hemel bymekaar te maak? Of gaan al my tyd daarin om nóg items op

hierdie aarde te vergader?

GESPREKSVRAAG:
Lees **Jakobus 5:1-3**. Watter beskuldiging rig Jakobus aan ons? Dink mooi oor vers 3? Hoe moet ons hierop reageer? _____

_____

_____

_____

Waar is my toekoms?
*Lees **Filippense 3:20-21***

Alles wat ons hier op aarde sien, is tydelik. Niks hier op aarde het ewigheidswaarde nie. Daar kom 'n einde aan dit alles en vir die mens wag daar dan 'n ewigheid. Selfs die mense wat so lief is vir hierdie wêreld, moet ook totsiens sê. Dan wag daar 'n ewigheidsrealiteit. Die Hebreërs-skrywer stel dit so:

"'n Mens is bestem om net een maal te sterf, en daarna kom die oordeel." **(Heb 9:27)**

As ons weet waarheen ons op pad is, is dit makliker om ons lewens daarvolgens in te rig. As gelowiges weet ons mos dat ons nie burgers van hierdie wêreld is nie en dat ons die ewigheid in die hemel by God gaan spandeer.

Ons hou daarom nie vas aan hierdie wêreld nie. Ons oë is gerig op die Here Jesus. My burgerskap en identiteit is daarom nie in wat ek het of nie het nie, maar in Christus.

GESPREKSVRAAG:
Lees **Openbaring 21:1-5**. Hierdie verse beskryf iets van die lewe hierna. Skryf neer wat in hierdie verse gesê word? _____

_____

_____

_____

Opsomming:

My burgerskap is nie in hierdie wêreld nie. My lewe reflekteer dit ook deurdat ek nie vir hierdie wêreld leef nie. Moses sê in **Psalm 90:10**: "*Ons lewe maar sewentig jaar, of, as ons baie sterk is, tagtig*". Tagtig jaar klink dalk lank, maar dit is net 'n fraksie van 'n deel in die ewigheid.

Ons lewe daarom nie vir hierdie wêreld nie. Ons lewe met die ewige beloning in gedagte. Ons sien uit om hierdie wêreld agter te laat en by die Here in te woon. Dit is waar ons burgerskap is. Dit is met hierdie identiteit wat ek hier op aarde leef.

Notas

Gebedsjoernaal		
	Gebedsversoek	*Terugvoer*
1		
2		
3		
4		
5		
6		
7		
8		
9		
10		

WEEK 9

Iets om te onthou

Ek is nie 'n burger van hierdie wêreld nie, my burgerskap is in die hemel.

Vers om te onthou

"Ons is burgers van die hemel, van waar af ons ook die Here Jesus Christus as Verlosser verwag." **(Fil 3:20)**

*"Ons het niks in die wêreld ingebring nie; ons kan ook niks daaruit wegneem nie." (***1 Tim 6:7)**

Vraag om oor na te dink

Reflekteer my lewe my werklike burgerskap?

Hoe maak ek vandag se studie prakties in my eie lewe?

_____

_____

_____

_____

Gebed om te bid

Vader, dankie dat U my burgerskap gegee het in die hemel. Ek is diep bewus dat ons in hierdie wêreld is, maar nie van hierdie wêreld nie. Help my om my lewe so in te rig dat ek my nooit sal verbeel dat my burgerskap in hierdie wêreld is nie.
AMEN

Notas

Slotwoord

"Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom.'"
(2 Kor 5:17)

"When we are born again, a new life – the life of God – is put into us by the Holy Spirit." - F.B. Meyer

Ons het aan die einde gekom van 'n opwindende 9 weke van die Bybelstudiereeks oor 'n kind van God se unieke identiteit. Ons het inligting en uitdagings oorweeg waarin ons seker kon maak van die onmiskenbare karakter wat ons vanaf God in Christus geërf het.

Na elke week se studie is ons uitgedaag om seker te maak van die spesifieke doelwit en wat ons van die inhoud verstaan. Groepbesprekings het ook verseker dat onduidelikhede uitgeskakel word.

Ons vertrou dat jou identiteit in Christus daagliks sterker sal groei in die praktiese uitleef daarvan in elke omstandigheid waarin jy jouself mag bevind. Die Heilige Gees sal jou bystaan in die ontwikkeling van jou unieke identiteit en roeping in die Here. Bly net getrou en leef dit ten volle uit.

Mag die Here jou seën terwyl jy seker maak wie of wat jou identiteit vorm en onderhou. Jy is uniek 'n nuwe mens in Christus Jesus.

Ds. Chris Heunis

Notas

Ander Bybelstudies



5 Solas - 5 Ankers

Daar is vyf ononderhandelbares vir ons geloof wat gedurende die Protestante Reformasie gedefinieer is. In hierdie reeks bestudeer ons die 5 Ankers en ons maak seker dat ons geloof hierin geanker en gewortel is.

Genesis

Die Ou Testament en Genesis is nét so van toepassing vandag. In hierdie studie kyk ons na Genesis deur die bril van die Nuwe Testament en bied 'n verfrissende perspektief op die belangrikheid van Genesis in ons geloof.

Volg My

Dissipelskap is elkeen van ons se ware roeping. Hierdie studie volg die dissipels van waar hulle geroep is tot waar hulle uitgestuur is. Dit bied 'n uitdaging aan ons as Christene om onsself af te vra: "Volg ons Jesus werklik?"

Karakter van God

'n Studie van God se karaktereienskappe. Deur na God se karaktereienskappe te kyk, leer ons God beter ken en verstaan ons beter wat God van ons verwag.

Dis Oorlog

'n Verfrissende studie oor die Christen se Wapenrusting. Wanneer dit kom by Geestelike Oorlogvoering is daar baie wanopvattings daar buite. Hierdie studie bied 'n eenvoudige, Bybelse benadering tot hierdie onderwerp.

Kindskap

Wat beteken dit om 'n kind van God te wees? Hierdie studie kyk na hoe ons ons identiteit in Christus vind en ons kindskap aanvaar.



Jabes

Hierdie studie bied ‘n nuwe blik op Jabes se gebed waar dit weg beweeg van voorspoedteologie. Jabes se gebed word besigtig vanuit ‘n Nuwe Testamentiese perspektief. Ons kyk na die belangrikheid van gebed en ‘n goeie verhouding met die Vader.

Waardes

Waardes definieer ons lewens en is soos ‘n kompas wat ons op die regte pad hou. In hierdie studie kyk ons na die waardes wat ons op die pad van die Woord hou en hoekom waardes belangrik is in ons lewens.

Waarde van die Woord

Sekularisme het ons lewensbenadering baie kom verander. Ook die hoofstroom kerk het ongelukkig nou ‘n meer liberale teologiese aanslag. Hierdie studie daag ons uit om die Bybel weer as die Woord van God te ag en daarvolgens te lewe.



Vir Botter of vir Wors

Die huwelik is bedoel om "For Better or for Worse" te wees. In hierdie studie kyk ons na relevante onderwerpe waarmee getroude paartjies gekonfronteer kan word. Doen hierdie studie as 'n voorhuwelikse of huweliksverrykingskursus.

Internet vir Christene

Hierdie reeks bied aan die Christen Bybelse filters vir hoe om die internet, sosiale media en selfoonkommunikasie tot eer van God te gebruik. Dit help die Christen om seker te maak dat hy/sy 'n goeie "aanlyn-getuienis" uitleef.



Radikaal

Om 'n dissipel van die Here Jesus te wees, is radikaal - dit is anders as die wêreld. Hierdie reeks kyk na die verskillende fasette van ons geloof en daag ons uit om 'n radikale lewe in Christus te leef.



Kruiswoorde

'n Sterwende persoon se laaste woorde is gewoonlik baie belangrik en dit is dié woorde wat ons onthou. Hierdie studie gee vir ons die dieper betekenis agter Jesus se laaste woorde aan die kruis wat vir ons van groot waarde is.

7 Tipes Gelowiges

Hierdie studie kyk na die 7 gemeentes in Openbaring 1-4 aan wie daar geskryf word. Ons kyk na wat in elke gemeente gebeur het en wat ons daaruit kan leer.

Die Vrae Wat Mense Vra

Ons het ons gemeente gevra water vrae hulle het rondom geloofsake. In hierdie reeks kyk ons na die top vrae wat gevra is en antwoord dit deur te kyk na wat die Bybel leer en wat ons as Christene behoort te weet omtrent elke onderwerp.

Notas

Notas

Notas

Notas

Notas